**D.J. van Zyl:** ***Langeberg: 50 jaar van Inmaakprestasie 1940-1990.*** Langeberg Voedsel Bpk. Belville, 1990. 98 pp. Geill. Geen prys. ISBN 0620152834

Daar is nog baie min histories-wetenskaplike werke oor besighede en maatskappye gepubliseer. Redes wat hiervoor aangevoer kan word, is onder meer dat dit 'n moeilike tipe geskiedskrywing is. Dit gaan meestal gepaard met probleme om genoegsame bronnemateriaal in die hande te kry. In baie gevalle het sommige van die materiaal verlore geraak, of is dit in 'n brand verwoes. Die verlore gaan van bronne (op dié wyses) moet toegeskryf word aan die feit dat baie privaatmaatskappye en of - besighede nie so bewaringbewus is of was nie. Wanneer die skrywer opdrag kry om die geskiedenis van 'n groot besigheid of maatskappy te skryf, gaan dit dikwels gepaard met probleme ten opsigte van die opsporing van bronne wat baie moeisaam, tydrowend en duur is. Die skrywer oor Langeberg in sy voorwoord, verduidelik dan ook dat dit een van sy groot probleme was. Om dié redes word die werk oor Langeberg meer as verwelkom en kan dit vir toekomstige navorsers en skrywers oor besigheidsgeskiedenis tot groot waarde wees.

Die skrywer, wat reeds heelwat oor ekonomiese- en landbougeskiedenis navorsing gedoen en gepubliseer het, slaag daarin om die verhaal van Langeberg Koöperasie oor 'n periode van vyftig jaar baie treffend aan te bied. Die periode sluit onder meer in die gedagte van vooraanstaande boere van die Langebergstreek om 'n groot Koöperatiewe onderneming te begin om sodoende hul eie produksie en bemarking van hul produk, t.w. vars vrugte, te beheer, te kontroleer en probleme in dié verband self te hanteer. Voorts word daar aandag gegee aan die stigting van die koöperasie in 1940, die bou van die fabriek en ander geboue komplekse op Ashton, 'n duidelike uiteensetting van die positiewe invloed wat die Tweede Wêreldoorlog op die koöperasie gehad het asook die voorspoedjare onmiddellik daarna. Daarna volg die vyftigerjare waartydens Langeberg 'n periode van konsolidasie en uitbreidings te gemoed gegaan het en wat hom as een van die grootste inmaakondernemings gevestig het met tussen 60% en 70% aandeel in die Suid-Afrikaanse inmaakbedryf.

Hierna volg die teenspoedjare. As gevolg van binnelandse en buitelandse faktore, asook interne probleme, begin Langeberg groot finansiële verliese te toon, soveel so dat daar teen 1959 gevrees is dat die onderneming finansieël in duie sou stort. Om die onderneming te probeer red, is 'n kommissie van ondersoek in 1959 aangestel wat Langeberg op 'n nuwe grondslag geplaas het met die nodige regstellings en rasionalisasie. Dit alles het aanvanklik groei gebring, maar weer eens sedert 1974 tot 1984 het dit 'n oorleweringstryd gevoer as gevolg van buitengewone negatiewe eksterne ekonomiese faktore. Dit het noodwendig groot finansiële druk op die koöperasie geplaas. Onder 'n nuwe hoof-uitvoerende amptenaar, t.w. Carel Stassen, slaag Langeberg egter daarin om te herstel tot 'n winsgewende organisasie. In 1988 sluit Langeberg en Tiger Oats 'n ooreenkoms. Dit lei tot 'n totale herstrukturering van Langeberg en in 1990 kon hy die eerste diwidende na feitlik twee dekades uitbetaal.

Alhoewel Langeberg sedert die vyftigerjare 'n baie belangrike rol in die breë Suid-Afrikaanse landbou-ekonomie, fabriekswese en uitvoerhandel gespeel het, het die koöperasie sedert sy stigting ook, op plaaslike vlak, 'n belangrike sosiaal-ekonomiese en maatskaplike funksie vervul. Dit het onder andere die boere in die suidwestelike distrikte wat aandeelhouers was, ekonomies bevoordeel deurdat hulle d.m.v. die koöperasie verseker was van 'n afset vir hul produkte. Langeberg het egter ook baie mense in diens gehad wat op Robertson, Ashton en Montagu woonagtig was. Vir die werknemers het Langeberg baie gedoen om hul werk en verblyf so aangenaam as moontlik te maak. Huise is onder meer opgerig terwyl addisionele skoolfasiliteite geskep is.

Die werk oor Langeberg is goed versorg. Dit is 'n hardeband wat ryklik met foto's voorsien is. Die foto's help die leser om 'n geheel indruk van die verlede te kry. So byvoorbeeld kry die leser 'n goeie idee van die eerste geboue wat opgerig is, asook van persone wat 'n besondere rol in die stigting, ontwikkeling, uitbreiding en bestuur van Langeberg gespeel het. Daar is ook voorbeelde van etikette (wat ons almal vroeër jare geken het), advertensies in dagblaaie, werksomstandighede t.o.v. die bou van die fabrieke op Ashton, oorspronklike handgeskrewe notules van een van die eerste vergaderings, 'n foto van die eerste direksie van Langeberg geneem in 1940, asook kleurfoto's van hedendaagse werksaamhede in moderne fabrieke en laboratoriums.

Daar is voorts van glanspapier gebruik gemaak wat die boek 'n baie professionele en goedversorgde voorkoms gee. Die werk is voorsien van uitstekende bronneverwysings asook 'n bronnelys. Ten spyte van 'n paar spel- taal en setfoute (bv. pp. 33, 49, 60, 86, 89 en 91 asook in die voorwoord) lees die werk vlot. Die omskakeling van ou Engelse mate en gewigte na die hedendaagse desimale stelsel sou die leser kon help om 'n beter begrip van sekere van die mate en gewigte te kon kry.

Dit is 'n belangrike bydrae vir die streekhistorikus wat veral konsentreer op besigheids, ekonomiese- en landbougeskiedenis.

**J.C. Aucamp**
*Universiteit van Fort Hare*

## Brian Warner (ed.): *Lady Herschel Letters from the Cape 1834-1838.* Friends of the South African Library: Cape Town, 1991. 172 pp. Illus. R38,00 (exclusive). ISBN 0869680986

The Cape letters of Margaret, Lady Herschel, wife of the celebrated astronomer and polymath Sir John Herschel, are a very fine addition to this new series, published by Friends of the South African Library, Cape Town. Judiciously edited and annotated, this volume holds great interest for a wide range of readers, including, of course, local and regional historians.

For those particularly interested in astronomy, the references to Sir John's astronomical observations of Cape skies are clearly of great interest. For non-scientists like